

11

HEMELVAART

Jesus kom weer – wees gereed

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus weer kom.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet Jesus lewe waarlik en kom weer terug.

Gesindheid

Die kinders moet met vreugde uitsien na die wederkoms van Jesus.

Vaardigheid

Die kinders moet iets gaan doen om te bewys hulle lewe soos kinders van God.

MEER INLIGTING (Handelinge 1)

Jesus het uit die dood opgestaan. Daarna het Hy die dissipels vir 40 dae geleer wat hulle moes doen. Die dissipels se lewens het drasties verander. Vóór die tyd het hulle met mekaar gestry en die Here Jesus in die steek gelaat. Hulle het selfs gesê dat hulle Hom glad nie ken nie. Nou, ná sy opstanding uit die dood, het baie dinge vir hulle duidelik geword. Hulle het nou vas geglo dat Jesus waarlik lewe. Hy het vir hulle meer oor die koninkryk van God en van die Heilige Gees geleer. In die toekoms sal hulle hul krag van die Heilige Gees af kry. Die krag wat hulle van die Heilige Gees ontvang het, het nie net te doen met bonatuurlike krag nie. Nee, dit het vir hulle die moed, vreesloosheid, insig en vermoë gegee om die werk van die Here te doen.

Nadat Jesus die dissipels vir 40 dae geleer het, het Hy opgevaar hemel toe. Dit was belangrik dat die dissipels moes sien hoe Jesus na die hemel opvaar. Dit sou hulle bo alle twyfel laat

verstaan dat Hy God is en dat sy eintlike blyplek elders is. Twee engele het vir die dissipels gesê dat Hy na die aarde sal terugkeer net soos Hy na die hemel toe gegaan het. Almal sal Hom sien.

Die dinge wat nou in die wêreld gebeur, is nie maar net 'n klomp losstaande gebeurtenisse nie. Nee, dit is 'n duidelike beweging na 'n bepaalde tydstip wanneer Jesus na die aarde toe sal terugkom. Hy sal kom om oor alle mense te oordeel en om oor die aarde te heers. Ons moet gereed wees vir sy wederkoms. Dit beteken ons moet glo dat Hy ons reeds van ons sonde verlos het en die ewige lewe reeds vir ons gegee het. Uit dankbaarheid daarvoor moet ons hard werk om ander van die verlossing te vertel wat Jesus gebring het, sodat hulle ook kan glo en lewe. Ons moet so opgewonde wees omdat Jesus weer kom dat ons elke dag God en mekaar sal liefhê in alles wat ons dink, sê en doen.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Vir elke kind in elke fase 'n kaart met 40 blokke soos hieronder by IETS OM TE DOEN.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

Loof en prys die Here omdat Hy sy Seun gestuur het om –

- vir ons sondes te sterf.
- vir ons op te staan uit die dood.
- vir ons plek in sy koninkryk te gaan maak.

HET HULLE ONTHOU?

Indien daar iets uit die vorige les is wat elke graad se kategeet wil kontroleer, kan hulle dit nou doen.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en vertel hoe Jesus na sy opstanding vir 40 dae sy dissipels geleer het wat om te doen. Lê klem op die volgende feite:

- Jesus lewe.
- Hy het vir ons plek in sy koninkryk gaan maak.
- Hy kom weer om ons te kom haal.
- Ons moet altyd gereed wees vir sy koms.
- Ons is gereed vir sy koms as ons –
 - glo dat Hy reeds sonder ons verdienste die ewige lewe vir ons gegee het.
 - uit dankbaarheid lewe met liefde vir God en ons naaste.

IETS BELANGRIK

Laat hulle as inskering die volgende in hul boeke voltooi. Gee die regte antwoorde en verduidelik kortliks weer:

- Jesus het na sy opstanding vir **40** dae sy dissipels geleer wat **om te doen**.
- Jesus het na sy opstanding by verskeie geleenthede aan sy dissipels verskyn. Hy het sy hande en sy sy vir hulle gewys. Dit was 'n bewys dat Jesus werklik **lewe**.
- Jesus het opgevaar hemel toe om **vir ons plek in sy koninkryk te gaan maak**.
- Jesus het belowe dat Hy **weer kom** om ons te kom haal.
- Omdat ons nie weet wanneer Jesus kom nie, moet ons altyd **gereed** wees vir sy koms.
- Om gereed te wees vir sy koms, moet ons –
 - **glo** dat Hy reeds sonder **ons verdienste** die ewige lewe vir ons gegee het.
 - uit **dankbaarheid** met liefde lewe vir God en ons naaste.

IETS OM TE DOEN

- Kies twee kinders uit die hoogste graad teenwoordig om 'n debat te hou.
- Skryf die volgende onderwerpe op 'n papier en vou dit toe:
 - *Ek is nou alreeds in die hemel.*
 - *Ek gaan eers eendag dalk in die hemel kom.*
- Laat elkeen van die twee kinders een van die papiere kies.
- Laat hulle die onderwerpe daarop verdedig.
- Laat die res van die kinders aan die einde van die debat stem oor wie hulle dink reg is.
- Sluit af deur korrekatief op te tree:
 - Wys daarop dat 'n mens nou alreeds “in die hemel is” as jy in Jesus Christus glo.
 - Hy het mos reeds vir ons sonde betaal; daarom is jy gered as jy in Hom glo.
 - Hy is mos reeds jou Koning; daarom is jy reeds in sy Koninkryk.
- Gesels met die kinders oor “opoffering”. Dit beteken dat hulle iets prysgee wat vir hulle lekker is of wat hulle geniet. Dit gaan heelwat selfbeheersing van hulle vra om byvoorbeeld vir 'n paar dae glad nie lekkers te eet of PlayStation te speel nie. Miskien sal dit vir hulle moeilik wees om vir 'n tyd lank nie enige koeldrank te drink nie. Elke kind besluit self wat vir hulle 'n opoffering gaan wees. Almal gaan dan probeer om vir 40 dae daardie opoffering te maak.
- Die doel van hierdie oefening is –
 - om altyd in gedagte te hou dat Jesus sy lewe vir ons opgeoffer het.
 - dat die 40 dae hulle daaraan herinner dat Jesus vir 40 dae na sy opstanding op aarde was voordat Hy opgevaar het hemel toe.

Die kinders gaan teken elke dag in hul boeke 'n glimlaggesiggie op die kaart wat tot by 40 genommer is, sodat hulle elke dag dat hulle daarin kon slaag om 'n opoffering te maak, kan afmerk.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
31	32	33	34	35	36	37	38	39	40

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle vir hul ouers of vir 'n paar ander mense vra om te vertel hoe hul verhouding met die Here ontstaan en deur die jare gegroei het. Dit is goed om te hoor hoe die Here mense in hul lewens aangegryp het en hoe hulle daarop gereageer het.

Leer

Laat hulle Handeling 1: 11b gaan memoriseer:

...waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.

AFSLUITING

Sing of lees Gesang 599: 1 en 2 en sluit dan af met gebed.

*As Hy weer kom, as Hy weer kom, kom haal Hy sy kinders;
al sy kinders wat in Hom glo, om by Hom te wees.
Ja, ons wag op die Here, en ons sing tot sy ere.
Ja, Hy kom weer verseker om ons te kom haal.*

*By die Vader, by die Vader, maak Hy vir ons woonplek;
sodat almal wat in Hom glo ook by Hom kan wees.
Ja, ons wag op die Here, en ons sing tot sy ere.
Ja, Hy kom weer verseker om ons te kom haal.*